higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1540**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

(22030044)

31 Mei 2019 (X- Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag studenteportefeuljes wat aantekeninge, kaarte, brosjures, gidse, gevallestudies, werkopdragte, toetse EN handboeke bevat, die GSA-tydskrif, sakrekenaar en 'n atlas by die eksamenlokaal inneem.

Kandidate is geregtig op 15 minute leestyd.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en ’n bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISMEBESTEMMINGS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord slegs VIER vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik slegs blou of swart ink.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1	Definieer die begrip *skaal*.		(2)
1.2	Gee die naam van die 0-grade lengtelyn.		(2)
1.3	Noem VYF gebruike van 'n kaart.	(5 × 2)	(10)
1.4	Watter soort kaart sal riviere en bergreekse toon?		(2)
1.5	Wat is 'n *skaalbreuk* ('representative fraction scale')?		(2)
1.6	Noem VIER hoofrigtings op 'n kompas.		(4)
1.7	Noem DRIE verskynsels wat op 'n politieke kaart vertoon word.		(3)
			[25]

VRAAG 2

Raadpleeg die kaart van Suid-Afrika in die BYLAE asook jou eie atlas om die volgende vrae te beantwoord.

2.1	Wat is die naam van die rivier wat die Augrabies Waterval voer?	(2)
2.2	Identifiseer die hoofstad van KwaZulu Natal.	(2)
2.3	Watter wêreldberoemde, mensgemaakte trekpleister is naby die Pilanesberg Nasionale Park geleë?	(2)
2.4	Identifiseer die nasionale park in die ooste van Limpopo.	(2)
2.5	Noem die suidelikste punt in Suid-Afrika.	(2)
2.6	Noem die groot Oos-Kaapse stad wat toegang verleen tot die Addo Olifantpark.	(2)
2.7	Identifiseer DRIE stede/dorpe in Limpopo.	(3)
		[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Wêrelderfenisterrein	A	Setswana
3.1.2	Oudste meteorietimpakstruktuur op aarde	B	Potchefstroom
3.1.3	'n Ander naam vir Noordwes	C	Mahikeng
3.1.4	Grootste taal in Noordwes-provinsie	D	Taung Erfenisterrein
3.1.5	Hoofstad van Noordwes	E	Merensky-rif
3.1.6	Groot platinumprodusent	F	9%
3.1.7	Gewilde toeristebestemming in Noordwes	G	Zulu
3.1.8	Grootte van Noordwes se grondgebied	H	Vredefortkoepel
3.1.9	Universiteitsdorp	I	terrein wat erosie oorleef het
3.1.10	Pilanesberg Nasionale Park	J	Magaliesberge
		K	Platinum Province
		L	15%

(10 × 1) **[10]**

3.2 Potchefstroom spog met 'n ryk en gevarieerde historiese erfenis.

Identifiseer die volgende historiese terreine in Potchefstroom:

3.2.1 'n Museum wat 'n fassinerende blik op die historiese en kulturele verlede van Transvaal bied

3.2.2 'n Museum wat geleë is in die voormalige Andreas Marthinus Goetz se huis

3.2.3 'n Museum wat geleë is waar Esselenstraat en Van der Hoffweg bymekaarkom, en wat 'n verlenging is van Kerkstraat

3.2.4 'n Museum in die huis van Professor du Toit, die kampvegter vir die Afrikaanse taal

3.2.5 'n Museum wat deur Coert Steynberg gemodelleer is

(5 × 2) (10)

3.3 Bespreek die kulturele betekenis van die volgende toersitetrekpleisters in Noordwes:

3.3.1 Mmabatho Palms

3.3.2 Hartbeespoort-kabelkar ('Aerial Cableway Hartbeespoort')

3.3.3 Bush Babies Monkey Sanctuary

3.3.4 Grootplaas Kaasakademie

3.3.5 Valley of Waves

(5 × 4) (20)

[40]

VRAAG 4

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Bekende gevangenis waar Nelson Mandela aangehou is:

A Sun City
B Pollsmoor
C Robbeneiland
D Tafelberg

4.1.2 ... staan bekend as die nasionale, beroemde 'Pienk' stad.

A Johannesburg
B Bloemfontein
C Durban
D Kaapstad

4.1.3 Die Weskus is bekend vir sy …

A jaarlikse lenteblomme
B woestynplante
C watervalle
D akademiese instellings

4.1.4 Die N7 verbind Kaapstad met …

A De Aar
B Springbok
C Durban
D Bloemfontein

4.1.5 Die twee oseane kom by … bymekaar.

A Kaap Agulhas
B Seeepunt
C Tafelberg
D Kampsbaai

4.1.6 … is 'n skilderagtige vrugte- en wynproduserende vallei.

A Swartland
B Durbanville Hills
C Breede Riviervallei
D Belvedere

4.1.7 … is 'n beskermde mariene-area.

A Bloemdam
B V & A Waterfront
C Marimbadam
D De Hoop Natuurreservaat

4.1.8 … is aan die suidelike rand van Yzerfontein.

A Pearl Bay
B Stilbaai
C Langebaan
D Gansbaai

Kopiereg voorbehou

4.1.9 Die Homtini-fietsroete is ’n 19 km lange sirkelroete wat by … begin.

A Chapman’s Peak
B Krisjan-se-Nek
C Campsbay Drive
D Hermanus

4.1.10 Om by Jubilee Creek te kom, moet jy die N... van Knysna na George neem.

A 1
B 3
C 2
D 7

(10 × 1) (10)

4.2 Beveel trekpleisters aan waar ’n mens die volgende in die Wes-Kaap kan ervaar:

4.2.1 ’n Groot versameling moderne Afrika-kuns

4.2.2 ’n Huisboot om Langebaan

4.2.3 ’n 9 km lange roete met asemrowende uitsigte

4.2.4 Sjebien en township

4.2.5 Een van die 7 Wonders van die Natuur

(5 × 2) (10)

4.3 Wat is die naam van die groot ruimtetegnologiese konferensie wat in 2020 in Kaapstad gehou word? (2)

4.4 Beveel VIER wynlandgoedere in die Wellington/Stellenbosch area aan. (4)

4.5 Dui die toerismestreek en dorp/stad aan waar elk van die volgende trekpleisters in die Wes-Kaap gevind kan word:

4.5.1 Walvis kyk

4.5.2 CP Nel Museum

4.5.3 Karoo Nasionale Park

4.5.4 Rupert Museum

4.5.5 South Head Vuurtoring (‘Lighthouse’)

(5 × 2) (10)

4.6 Noem TWEE gholfvenues in George. (2 × 2) (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Swaziland het ’n subtropiese en tropiese klimaat.

5.1.2 Swaziland is deel van die Gemeenskaplike Monetêre Gebied (‘Common Monetary Area’)

5.1.3 Kragproppe en verbinders (‘connectors’) in Swaziland verskil van dié in Suid-Afrika.

5.1.4 Suid-Afrikaners benodig visums om Swaziland binne te gaan.

5.1.5 Swaziland is UT +2, dieselfde tydsone as Suid-Afrika.

(5 × 1) (5)

5.2 In Swaziland bied die padstalletjies en markte in Manzini en Mbabane die beste winskopies, maar meer toerismevriendelike winkelsentrums is ook beskikbaar.

Beveel DRIE items aan om in Swaziland te koop. (3)

5.3 Dui aan of die volgende toeriste-aantreklikhede NATUURLIK of MENSGEMAAK is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Natuurlik' of 'Mensgemaak' langs die vraagnommer (5.3.1-5.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.3.1 Swazi Kersfabriek

5.3.2 Lubombo Bewaringsgebied (‘Conservancy’)

5.3.3 Matengavalle

5.3.4 Malkerns Meander Roete

(4 × 2) (8)

5.4 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vraag.

SWAZILAND FEESTE

Die ervaring van Swaziland se ryk kultuur en vriendelike mense is hoogtepunte van ’n besoek. Reisigers is welkom om na die viering van die twee hooffeeste te gaan kyk. Umhlanga, die geanimeerde rietdansseremonie, is Swaziland se bekendste fees. Die Incwala is ’n indrukwekkende koningsritueel.

[Bron: https://www.planetware.com/tourist-attractions-/swaziland-saf-swz-swz.htm]

Onderskei tussen die TWEE feeste in die uittreksel. (2 × 6) (12)

5.5 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



5.5.1 Swaziland is die kleinste land in die suidelike halfrond. Dit bied egter pragtige landskappe en unieke tradisies, beide natuurlike en mensgemaakte aantreklikhede.

Noem die toeriste-aantreklikheid wat in die prent uitgebeeld is. (2)

5.5.2 Waar in Swaziland is die toeriste-aantreklikheid geleë? (2)

5.5.3 Bespreek die betekenis van die toeriste-aantreklikheid van hierdie natuurverskynsel. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 6

6.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Die Mpumalanga Erfenisroete bestaan uit … dorpe.

6.1.2 Carolina is 'n … die Mpumalanga Erfenisroete.

6.1.3 … slagvelde kan op die Mpumalanga Erfenisroete gesien word.

6.1.4 Leandra, Standerton en … is toeristebestemmings op die Bevrydingserfenisroete ('Liberation Heritage Route').

6.1.5 Die Bevrydingserfenisroete in Mpumalanga vereer die belangrikste …

6.1.6 Die Genesisroete in Mpumalanga dek die … bergreeks.

6.1.7 Toegang tot die Genesisroete kan verkry word van … op the R38.

Kopiereg voorbehou

6.1.8 Die Genesisroete het onlangs tydelike … status verkry.

6.1.9 Die Genesisroete is die poort (‘gateway’) na … en Mosambiek.

6.1.10 Die Genesisroete is die tuiste van die GROOT … safari’s.

(10 × 1) (10)

6.2 Wat is die naam van die hoofstad van Mpumalanga? (2)

6.3 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

LIGGING VAN MPUMALANGA, SUID-AFRIKA

Die Limpopo Provinsie in die noorde, Gauteng in die weste en KwaZulu-Natal in die suide begrens Suid-Afrika se Mpumalanga Provinsie. Die oostelike grens van Mpumalanga word deur Swaziland en Mosambiek gedeel. Die Mpumalanga Provinsie is die tuiste van die wêreldberoemde Kruger Wildtuin waar Afrika se Groot Vyf in die ongetemde Afrikabos gesien kan word in ’n totale oppervlakte wat omtrent so groot soos Israel is.

6.3.1 Identifiseer TWEE buurlande wat aan Mpumalanga grens. (2 × 2) (4)

6.3.2 Identifiseer DRIE provinsies wat aan Mpumalanga grens. (3 × 2) (6)

6.3.3 Wat is die naam van die liggaam wat verantwoordelik is vir die bestuur van bewaringsgebiede soos die Kruger Wildtuin in Suid-Afrika? (2)

6.3.4 Noem die Groot Vyf wat in die ongetemde Afrikabos gesien kan word. (5)

6.3.5 Wat is die toegangspunt (‘gateway’) na die Kruger Wildtuin-bewaringsgebied? (1)

6.4 Beveel besienswaardighede aan waar die volgende in Mpumalanga ervaar kan word:

6.4.1 Lewensgrootte replikas van dinosourusse in welige plantegroei

6.4.2 Swazi kultuurkamp

6.4.3 Opvoedkundige omgewingstoere

6.4.4 Ndebele geestelike terrein

6.4.5 Fossielbewyse van die oudste bakterie op die planeet

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 7

7.1 Identifiseer die gewilde Suid-Afrikaanse toeristebesienswaardighede in die prente hier onder en noem die stad/dorp waar elkeen gevind word:

7.1.1



7.1.2



7.1.3



7.1.4



7.1.5



(5 × 2) (10)

7.2 Beveel VYF veiligheidswenke aan wat toeriste in gedagte moet hou wanneer hulle 'n stad soos Johannesburg besoek. (5 × 2) (10)

7.3 Verduidelik die betekenis van die volgende historiese of natuur-besienswaardighede in die Oos-Kaap:

7.3.1 Drostdyhuis

7.3.2 Donkin Erfenisroete

7.3.3 Uilhuis

7.3.4 Ganoraplaas

7.3.5 Oos-Londen Stadsaal

(5 × 2) (10)

7.4 Gee die toerismebyname van die volgende dorpe/stede in Suid-Afrika:

7.4.1 Oos-Londen

7.4.2 Port Elizabeth

7.4.3 Kaapstad

7.4.4 Johannesburg

7.4.5 Pietermaritzburg

(5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

(22030044)

BYLAE



Kopiereg voorbehou